

5 April

Skrifgedeelte: Jeremia 51:1-58
Fokusgedeelte: Jeremia 51:7-10

Babilon het met beker en al geval

Die volke van die wêreld was dronk van die bloed van die kinders van die Here (Op 17:6). Die groot hoer (Babel) het haarself versadig uit die bloedbeker en aan hulle wat wou ook gegee om daaruit te drink as heildronk op die finale oorwinning en verwoesting van die stad van Dawid en die uitwissing van die volk van God. Maar die Here het sy volk uit hierdie oordeelstad Babilon weggestuur (Jer 51:45) en na Sion terug gelei. Hy sal hul saak verdedig en wraak neem op hulle verdrukkers (Jer 51:35–36). Die magte van die duisternis het fees gevier, maar soos 'n donderstorm het God se oordeel hulle getref en van Babel 'n puinhoop gemaak. Al sou die goddeloses hulle verhef omdat hulle die instrument in die hand van die Here was om sy volk te straf, sal hulle die ewige toorn van God nie ontkom nie. God straf elke volk wat uit die beker van Babilon gedrink en God se kinders verdruk het. Hierdie vergelding van die Here oor sy en ons vyande sal gepaard gaan met oorloë en gerugte van oorloë en die een slegte tyding na die ander sal gehoor word (Jer 51:46). Die kinders van God moet egter nie skrik nie, maar weet dat dit God se oordeel is wat Babilon en sy inwoners tref. Elkeen wat aan die Here behoort, sal betyds gered word.

Sing: Psalm 37:7

Ds DL de Beer (Emeritus)